

13 Desember

Skrifgedeelte: Romeine 15:1-6  
Fokusgedeelte: Romeine 15:4

### Die Skrifte gee hoop

**A** *dvent* beteken letterlik “die koms na iemand toe”. Dit beskryf ook die koms van Jesus Christus na die wêreld. God het telkens uitkoms gegee. Die Skrifte het hoop op ’n groter, omvattender verlossing deur Christus gegee. Romeine 15:3 (Ps 69:10) beskryf die aard van sy koms. Christus het nie aan Homself gedink toe Hy mens geword het nie, maar Hy was gehoorsaam aan sy Vader. Hy het beledigings as die mensgeworde Seun van God kom dra. Die beledigings tydens sy hele lewe op aarde, maar veral op pad na die kruis, het Hom nie laat terugdeins nie. Hy het voltooi wat die Skrifte vooruit belooft het.

Die vrug daarop is hoop vir verlore sondears. Wie hulle met die Skrif besighou, sal bemoedigende hoop ontvang. Wie met hoop lewe, sal ander se belange voorop stel. Soos Christus naby aan die noodlydende gekom het, moet ons ook die swakkere tot hulp wees.

*Sing: Psalm 69:4 (Totius en Cloete)*

*Dr. Callie Opperman*